



SOUTH AFRICAN DIAMOND PRODUCERS ORGANISATION
SUID-AFRIKAANSE DIAMANTPRODUSENTEORGANISASIE

NUUSBRIEF

02 / 2018



Hierdie maand se Nuusbrieff lyk eeff anders, ons hoop dat u dit aandagtig sal deurlees en u daaroor sal dink.....

TENDER DATUMS:

Die tender datums vir die volgende 3 maande is:

- 19 – 22 Maart
- 16 – 19 April (CS Diamonds & NDM)
- 23 – 26 April (Mahube Diamonds)
- 14 – 17 Mei (CS Diamonds & NDM)
- 21 – 24 Mei (Mahube Diamonds)

ONS WIL VAN JOU HOOR

Jy kan met ons kontak maak deur ons webwerf & deur die Forum op die webwerf (eksklusief vir SADPO-ledes), per epos, of op ons [LinkedIn profiel](#). Jy

Sarel van der Merwe weet nie meer watter kant toe nie. Hy sukkel. Hy voel asof hy net nie kan wen nie. Hy voel dat sekere staatsamptenare sy klein delwery teiken. Hy kan nie vir die amptenare uitwys waaroor hy ongelukkig is nie, want hy is bang hulle kom more weer. En oormore. En volgende week. Hy is nie die tipe ou wat met bruin koevertjies rondloop nie.

Dan kry ons vir Gerrie Viljoen, delf al vir jare en jare. Dit is in sy bloed, maar hy werk te vinnig deur sy 5ha mynpermit en moet gereeld wag vir die volgende permit wat goedgekeur moet word. Terwyl hy wag, kan hy nie sy lone betaal nie en is daar 4 ander gesinne wat sonder 'n inkomste moet klaarkom. Hy probeer ook aan die staatsamptenare verduidelik wat hy voel 'n klein en opkomende delwer is, maar daar is nie so 'n definisie in die wetgewing nie, so almal trek maar hulle skouers op. Hoe gaan Gerrie nou maak? Waar begin hy? Met wie moet hy praat om hierdie definisie te kry? Hoeveel gaan dit hom kos? Maak nie saak hoeveel dit is nie, hy kan dit nie bekostig nie. So hy sak maar sy kop en sukkel voort.

Johan Hanekom is 'n groot delwer. Hy het baie kennis en wysheid en geld. Baie! Hy voel daar is nie 'n klip in die pad wat hy nie sal kan geskuif kry met sy splinter nuwe geel masjiene. Daai masjiene is so nuut, as hy in die son staan kry jou oë seer. "Ek is DIE Johan Hanekom." Johan is ongelukkig oor sekere aspekte en hy besluit hy gaan die Hoof Minister gaan sien. Johan se kantoor dame bel haar op om 'n afspraak te probeer kry, sonder sukses. Die Hoof Minister is te besig. Hulle weet nie wie Johan Hanekom is nie, hulle het nog nooit van hom gehoor nie. Die enigste uitweg wat Johan sien, is om Hof toe te gaan, want dan sal almal weet wie Johan Hanekom is. Johan se kantoor dame kon uiteindelik met 'n Direkteur Generaal van die staatsdepartement 'n afspraak reël. Johan is baie opgewonde soos hy op pad na die hoofstad is om die DG te sien. Daar aangekom, kan hy geen van sy beweringe, idees, kommentaar

is ook welkom om die Dagbestuur te skakel. **GESELS MET ONS!**

of probleme staaf met statistieke nie. Niemand kan inspring met aksie op die woord van 1 man nie, al is hy Johan Hanekom. Uiteindelik het Johan niks bereik nie.

Abraham Gerber werk as 'n kontrakteur. Hy spandeer derduisende rande aan diesel vir sy delwery, maar hy kan nie die rabat terug eis nie. Hy bou lugkastele met die rabatte (wat hy nie ontvang nie), hy dink aan groter bonusse vir sy personeel, beter voertuie vir sy delwery. Maar dit is waar dit gaan bly – lug kastele, want wat sal Abraham nou op sy eie kan regkry? Hoe gaan hy die amptenare oorreed dat hy ook geregtig is op die rabat? Dit is ook nie Abraham se enigste probleem nie. Daar is 'n mynbou handves wat op hom van toepassing is wat werklik die oorlewing van sy delwery beïnvloed. Hy gaan sien die verskeie amptenare, maar hulle kan hom nie help nie. Hoe kan hy bekend maak wat hom pla? Wat hy voel ingevoeg moet word en wat uitgelaat moet word? Die frustrasies loop hoog by Abraham, hy is moedeloos, maar hy is te lief vir sy werk om dit te los. Hy maak vrede met die sukkel wat in sy toekoms is, want wat anders kan hy doen?

Sarel, Gerrie, Johan & Abraham het almal iets in gemeen. Hulle is nie SADPO lede nie. Hulle wil nie 15c in elke R100.00 aan die organisasie betaal nie. Hoekom moet hulle? "Wat doen SADPO vir my?" Ons hoor die vraag gereeld. Diegene wat daardie vraag vra is gewoonlik ook diegene wat nooit 'n SADPO nuusbrief lees of na die Algemene Jaarvergaderings gaan nie. So natuurlik sal hy nie weet wat SADPO vir hom doen nie.

Ons kry vir Sarel, Gerrie, Johan en Abraham baie jammer. Ons weet elke dag is 'n geveg. Dit is uitputtend. Dit is hoekom SADPO daar is – om almal te help, om die bedryf te help.

Sarel, as 'n SADPO lid versoek ons dat jy jou ongelukkighede teenoor amptenare onder ons aandag bring. Ons kan hierdie probleme anoniem met die amptenare opneem. Al wat ons vra is dat ons Inspeksie vraelyste voltooi word. Maar Sarel, as jy eendag 'n inspeksie ontvang, alles het goed verloop en jy kon die verbetering by die amptenare ervaar, wil ons dit ook weet. SADPO het 'n oop deur verhouding met alle toepaslike departemente en wil ons hulle ook graag komplimenteer wanneer nodig. Jy kan gerus met ons gesels Sarel, ons sal alles in ons vermoë doen om jou te help.

Indien Gerrie 'n SADPO lid was, sou hy bewus gewees het dat SADPO poog, deur die Kamer van Mynwese, om 'n mynpermit te vergroot van 5ha na 35ha. Hy sal nie meer so vinnig klaar gewerk wees nie, sy werknemers sal nie sonder 'n inkomste wees nie. SADPO werk

terselfde tyd aan 'n erkende definisie vir 'n klein en opkomende myn. Wees asseblief geduldig, hierdie takies neem tyd. Gerrie, moet net nooit moed opgee nie! Ons is hier om jou te help.

Wat Johan Hanekom nie verstaan nie is dat ons almal moet saamstaan, uit een mond praat. Almal moet saam aan hierdie wa trek. Hy het miskien die finansiële mag wat baie ander nie het nie, maar dink hy werklik dat 'n hoog geplaasde vir 'n enkel persoon sal luister of vir 'n organisasie wat die gehele bedryf verteenwoordig. Is daar nie meer mag in die feit dat ons ongeveer 4 000 werksgeleenthede probeer beskerm nie? SADPO het reeds met verskeie hooggeplaasde amptenare gekonsulteer en verskeie dokumente oorhandig. Dokumente met klinkklare bewyse van wat in die bedryf aangaan en hoe ons lede sukkel. Hoe wette en regulasies op hulle afgedwing word, maar eintlik was dit geskryf vir groot myne. Ons het direkte kontak met hierdie persone en is gereeld in kommunikasie. Johan, wil jy nie asseblief deel van die SADPO familie word nie? Ons wil graag vir jou ook help.

Ons het goeie nuus vir Abraham – ons het verskeie voorleggings aan die Nasionale Tesourie gedoen om uit te lig hoe belangrik die hele kwessie rondom diesel rabatte is vir ons lede. Delwers, sowel as kontrakteurs. Ons het selfs die hele ontginningsproses aan hulle verduidelik sodat almal kan verstaan ons hele operasie is primêre mynbou. Hier word goeie vordering gemaak, Abraham, en kan ons jou gereeld op hoogte hou as jy 'n SADPO Lid sou word. Indien jy hierdie voorleggings op jou eie moes doen, tesame met al die regs tegniese aspekte, sou dit jou baie geld kos, maar indien jy 'n SADPO lid was, sou dit jou net 15c vir R100.00 van jou verkope wees. Klein geld....Ons lewer ook kommentaar en insette by die Kamer van Mynwese oor die mynbou handves wat gepubliseer is. Die tyd vir onderhandeling is nou en ons gryp dit met beide hande aan! Ons is hier om jou te help Abraham, indien jy net die hulp wil aanvaar.

Die tragiese gedeelte van die verhaal is dat Sarel, Gerrie, Johan en Abraham nie SADPO lede is nie, maar tog kry hulle nog steeds die voordele van SADPO se suksesse. Want ons tree op vir die INDUSTRIE, nie individue nie. Dit is werklik onregverdig. Maar hoe moet SADPO maak? Moet ons in die toekoms met ons verskeie onderhandelinge met amptenare, name noem wat uitgesluit word by ons verteenwoordiging? "Geagte Meneer die Direkteur Generaal, ons tree op vir die klein en opkomende alluviale delwers, behalwe Sarel van der Merwe, Gerrie Viljoen, Johan Hanekom, Abraham Gerber en andere wat nie op SADPO se lede register verskyn nie. Ons kan nie bewys dat hulle lede is nie en daarom kan ons nie namens hulle praat nie."

So tragies. Dit is nie wat ons wil doen nie. Ons wil almal help, ons wil almal verteenwoordig. Almal verdien 'n helpende hand. Ons wil graag jou helpende hand wees, maar 'n vennootskap het 2 kante. En ons vra werklik nie baie nie:

1. Voltooi 'n lidmaatskap vorm en betaal 'n R100.00 jaarlikse administrasie fooi;
2. Bemark jou produkte waar jy ook al verkies, maar maak asb seker dat jou 0.15% bydra aan SADPO oorbetal word en dat jou naam tydens oorbetalings aan ons bekend gemaak word. Alle inligting word hoogs vertroulik hanteer en sal nooit met derde partye gedeel word nie;
3. In die selde gevalle wat SADPO versoeke aan lede rig ten opsigte van industrie inligting, of enige kommentaar, sal ons graag van u verneem.

Die gevalle hierbo, insluitend maar nie beperk tot name, gebeurtenisse, gevolgtrekkings en gevoelens is alles fiksie en moet nie gesien word as feite nie.

NASIONALE KOMITEELEDE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, Lyndon de Meillon, Rick Hattingh, Anton Jacobs, Johan Keyser, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos, Edith van Wyk

TENDERHUISE: CS Diamonds, Mahube Diamonds, NDM

SUB-KOMITEE VIR OMGEWINGSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Wadala Mining & Consulting (EDMS) BPK

SUB-KOMITEE VIR ARBEIDSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Glen Urquhart

SUB-KOMITEE VIR MYNVEILIGHEID: Gert van Niekerk (Voorsitter), Anton Jacobs (Noord Wes), Edith van Wyk (Noord Wes), Johan Keyser (Noord Kaap), Mark Hunt (Noord Kaap)

KONSULTANT: Dr John Bristow, PhD.

Webtuiste: <http://sadpo.co.za/>

Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850

E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737

T together

E everyone

A achieves

M more